



24-7 GEBED VIR HERLEWING WEEK 7: 21 - 27 November 2022

Christelike vervolging is enige vyandigheid wat vanaf die wêreld ervaar word as gevolg van jou identifisering met Jesus Christus. Dit kan vyandige gevoelens, houdings, woorde en aksies insluit. (Geopende Deure). 'n Geskatte 80% van alle godsdienstige vervolging wêreldwyd is teen Christene en jaarliks word minstens 360+ miljoen Christene wêreldwyd gewelddadig vervolgd. Een manier om die Vervolgde Kerk te ondersteun, is in gebed, met die wete dat die doeltreffende, vurige gebed van 'n regverdige 'n kragtige uitwerking het (Jakobus 5:16).

Vir meer inligting oor die werklikheid van vervolging, besoek asseblief ons webruimte.

MAANDAG: 21 NOVEMBER 2022

AFGHANISTAN

No 1 op die Wêreldwaarnemingslys

U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed. U behartig die regsak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie. (Psalm 10:17-18).

Ná die Taliban-oornam in Augustus 2021, het die vervolging van Christene in Afghanistan verskerp. Vanjaar het dit geskuif na nommer een op die lys van lande waar Christene die meeste vervolgd word. Die hoofgodsdien in die land is Islam.

Kom ons bid

- Bid vir die beskerming van geheime gelowiges in Afghanistan teen die Taliban se geweld.
- Bid dat die Taliban-leiers menslike lewens sal eerbiedig en bewaar, en dat God hul harte na Hom sal draai.
- Christenmeisies en -vroue is tweekeer meer kwesbaar vir vervolging weens hul geslag en geloof. Bid vir vroulike gelowiges wat ontvoering, seksuele skending en gedwonge huwelike vrees (2 Timoteus 1:7).

Ek weet nie baie van Jesus nie, maar ek geniet sy teenwoordigheid elke dag, en ek sal Hom vir niks in die wêreld prysgee nie! – Ali, 'n vorige Moslem wat die Bybel gelees en God leer ken het.

DINSDAG: 22 NOVEMBER 2022

NIGERIË

No 7 op die Wêreldwaarnemingslys

Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertrouwe hê. Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel. (Psalm 27:3-4).

Christene in Nigerië leef onder die konstante bedreiging van aanvalle deur Boko Haram, die Islamitiese Staat Wes-Afrika-Provinsie (ISWAP), Fulani-militante en kriminele wat mense ontvoer en vermoor met min tot geen wettige gevolge nie. Christene in sommige van Nigerië se noordelike state leef ook onder die Sharia wet.

Kom ons bid

- Bid asseblief dat president Buhari en die staatsgoewerneys blywende oplossings vir die toenemende veiligheidskrisis in noordelike Nigerië sal vind.
- Bid dat die genesende naam van die Here uitgestort word oor die mense wat geweldige trauma gely het (Hooglied 1:3,OV). Bid dat die Here hulle geloof sal versterk.
- Bid dat die jeug die liefde en vertroosting van God se Woord sal ervaar en nie haatdraend teenoor hul onderdrukkers sal optree nie (Psalm 119:9; Matteus 5:44-45).

Ek het besluit om my bitterheid te laat vaar en God my te laat genees. - Rose, 'n Christen in Nigerië wie se man deur Fulani-militante vermoor is.

WOENSDAG: 23 NOVEMBER 2022

DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK)

No 40 op die Wêreldwaarnemingslys

En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus. (Handelinge 27:3-4).

Hoewel 'n groot persentasie van die bevolking Christene is, is die Islamitiese ekstremitiese groep *Allied Democratic Forces* (ADF) verantwoordelik vir die vervolging van Christene in die ooste van die land, met brutale aanvalle op Christene en kerke. Geweld teen Christene is die grootste vorm van vervolging in die DRK.

Kom ons bid

- Vra vir die Heilige Gees om geestelike leiers se standvastigheid in hul geloof te versterk, vir wysheid om die Kerk voor te berei vir vervolging, en om met deernis getraumatiseerdes en ontheemdes te bedien.
- Bid dat Christene, omgord met die volle wapenrusting van God, gefokus sal bly in gebed, om sodoende elke gemene plan van die vyand te weerstaan (Efesiërs 6:10-19).
- Vra vir die Here om Sy goedertierenheid aan die ADF-lede te openbaar en hulle tot bekering te bring (Romeine 2:4).

Ek is bly dat mense vir my bid, dat God vir my en my kinders sal vertroos. - Georgine is 'n weduwee as gevolg van Islamitiese ekstremiste se optrede.

DONDERDAG: 24 NOVEMBER 2022

MOSAMBIEK

No 41 op die Wêreldwaarnemingslys

Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers? Luister tog en antwoord my, Here my God! (Psalm 13:3-4a).

Islamitiese onderdrukking is die algemeenste vorm van vervolging van Christene in Mosambiek. 'n Islamitiese Staats-geaffilieerde groep probeer om 'n Islamitiese kalifaat in Mosambiek te vestig. Hulle pogings bestaan uit talle gruweldade, afbrand van kerke en godsdienstige skole, en die ontworteling van mense in die noorde van die land.

Kom ons bid

- Bid vir die Kerk om met deernis en begrip te reageer, veral teenoor families wat weens geweld ontwortel is. Vra vir die Heilige Gees vir wysheid oor hoe om hierdie families maklik te bereik en in hul nood te ondersteun.
- Bid vir pastore en evangeliste wat gevaartoestande trotseer deur die Evangelie te verkondig en almal rondom hulle te bemoedig.
- Bid vir die Islamitiese Staats-geaffilieerde groep; dat God in hulle harte sal werk, en hulle Jesus Christus as hulle Verlosser sal leer ken.

"Ek het myself afgevra: Was dit die moeite werd? Elf jaar van my lewe het ek uitgestort in onbaatsugtige diens vir die mense van Afrika en nou dit? "My dogter, die vraag is nie "Is dit die moeite werd nie?" Die vraag is: "Is ek waardig?" Is Ek, die Here Jesus wat Sy lewe vir jou gegee het, waardig dat jy hierdie soort opoffering vir My maak.' En God het my hart gebreek," gaan Helen voort. "Ek het opgekyk en gesê: 'O Here Jesus, ja, dit is die moeite werd, want U is waardig!" – Helen, sendeling in die Kongo

VRYDAG: 25 NOVEMBER 2022

SOEDAN

No 13 op die Wêreldwaarnemingslys

Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie. Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart. (Psalm 37:10-11).

Ná die val van die voormalige diktator het die oorgangsregering opwindende veranderinge ingestel aangaande die wetlike raamwerk wat die lewe in Soedan beheer. Ongelukkig is die veranderinge nog nie sigbaar in die samelewing nie en geen beskerming is vir Christene en ander minderheidsgroepe geïmplementeer nie. 'n Onlangse voorval van stamgevegte het tot meer as tweehonderd sterftes gelei. Sowat 211 000 mense is net in hierdie jaar ontwortel deur stamgeweld en ander aanvalle regoor Soedan.

Kom ons bid

- Bid vir 'n politieke deurbraak en dat die voormalige leierskap nie 'n blywende impak op die nuwe regering sal hê nie.
- Bid dat nuwe gelowiges uit 'n Moslem agtergrond sal groei in hul geloof en met oorgawe sal getuig oor redding wat in Christus alleen gevind kan word. Bid ook vir vrede met hul gesinne en in hul gemeenskappe.
- Bid vir 'n vreedsame oplossing vir die voortslepende stamkonflik.

Ons het nooit gewens dat vervolging sou kom nie, maar tog het dit gekom. Net God is ons sekuriteit hier. Ons moet ons geloof in God behou om te oorleef. Maar wees gereed vir wanneer vervolging kom, dit kan vinnig kom, soos dit hier gebeur het. Wees gereed en wees sterk. - Pastoor Aaron, Burkina Faso

SATERDAG: 26 NOVEMBER 2022

ERITREA

No 6 op die Wêreldwaarnemingslys

Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word. (Matteus 10:22).

Eritrea word beheer deur 'n totalitêre regering wat poog om elke aspek van die lewe te beheer. Die regering erken slegs drie denominasies – Ortodoks, Katoliek en Lutherse. Die bevolking is byna eweredig verdeel tussen Sunni Moslems en Ortodokse Christene. Sowat 3 persent is evangeliese Christene.

Kom ons bid

- Vra die Here om Christen gevangenes en hul gesinne met Sy eie hand te red (Jesaja 41:10).
- Bid vir wysheid, onderskeidingsvermoë en vrymoedigheid vir gelowiges terwyl hulle probeer om bymekaar te kom ten spyte van dreigemente.
- Bid dat Christene van Islamitiese en Ortodokse agtergrond geestelik sal groei en daaglik saam met Jesus sal wandel (Kolossense 1:9-12).

Ek sal die Here dien totdat ek sterf; Ek wil die Here dien vir die res van my dae ... – Shiden (gevangene vir meer as 'n dekade).

SONDAG: 27 NOVEMBER 2022

NEPAL

No 48 op die Wêreldwaarnemingslys

As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle. (Johannes 15:19).

Nepal is nie meer 'n amptelike Hindoe-staat nie, maar Christene word wel vervolgd deur radikale Hindoe-groepe wat wil hê die land moet terugkeer na Hindoeïsme. Baie van die

Christene in Nepal is bekeerlinge uit Hindoeïsme, wat geweldige druk van hul gesinne en gemeenskappe ervaar.

Kom ons bid

- Bid vir politieke stabiliteit in Nepal, dat wette teen bekering gewysig word sodat godsdienstvryheid floreer.
- Bid dat Jesus bekend gemaak sal word onder onbereikte mense in moeilik-toeganklike plekke.
- Bid vir Bybelse opleiding en vir 'n opkomende generasie van kerkleiers wat strewe om soos Christus te wees.

Ek was verag en alleen gelaat. Maar al hierdie swaarkry kon nie my geloof in Christus laat wankel nie. - Kabita Khatri, wie se man haar verlaat het nadat sy tot geloof in Jesus gekom het.
